# IS JY OOK ‘N TYD-SLAGOFFER?

*deur Milanie Vosloo*

***Doen wat jy moet doen, en bly getrou aan die Here. Wees elke oomblik bly dat jy die Here ken. Hy sal sorg dat jy kry wat jy wil hê. Psalm 37:4***

Ons leef in ‘n horlosie-gedrewe-wêreld. Keer op keer betrap ek myself dat ek wéér op my horlosie kyk, te vinnig bestuur, te min tyd het vir belangrike goed en daarom heeltyd gejaagd voel. Wanneer ek ‘n tydjie vir stilword het of ‘n paar minute van “niksdoen” my beskore is, wonder ek skuldig wat ek eintlik nou in hierdie paar minute kon doen. Dit beteken eenvoudig dat ek toegelaat het dat tyd my baas is. **Ek is ‘n slagoffer van ‘n té-vinnige-bestaanswêreld. Daarom kom ek nie by die werklik belangrike dinge uit nie en voel ek dikwels onvervuld.**

Voel jy ook soms so?

Kom ons kies, sommer nou hier in die begin van die jaar, téén hierdie té veel inskrywings op ons dagboeklewe sodat ons tyd het vir gewone ménsweesdinge: vir tye waarin ons sommer net by ons Vader se voete kan sit, vir tyd om werklik na ons liefhê-mense te luister en vir tyd om dié dinge te doen wat ons harte en siele verryk. Kom ons leef vandag binne die normale spoedgrens van die lewe sodat ons weer kan ervaar wat dit is om wérklik te lééf!

**Bid dat die Vader aan jou die regte ritme vir die lewe sal leer. Dié ritme waarin jy teen die regte spoed leef en vrede ervaar omdat jy weet dat Hy in beheer is.**

*“Here, verminder my leefspoed*
*sodat ek die perfekte balans sal vind*
*en U sal verheerlik in die manier waarop*
*en tempo waarteen ek leef.*
*Amen.”*

***Liewe lidmaat van Rietfontein-Suid: Selfs al sou jy die wenner van die rotresies wees, bly jy maar net ‘n rot! So dis nie die moeite werd om daaraan deel te neem nie. Maak ‘n keuse om uit die alledaagse rotresies te klim. Maak tyd vir God, jouself en jou gesin.*** *Ds Leon Tait*



NG Kerk Rietfontein-Suid
Ons Gee Om

# Die Rietfluit

JAARTEMA:
IN AANBIDDING VOOR GOD

Aug 2015

## 50 DAE REEKS - 2015

Sondag 26 Julie tot 6 September

**Nog nie te laat nie!**




Ware geluk is waarskynlik die grootste leemte in lewens vandag. Min mense kan eerlik sê dat hul regtig gelukkig is. Mense soek geluk op verskillende maniere en plekke om keer op keer maar weer teleurgestel te wees. Dit was nog altyd so.

Daarom is die tema van hierdie 50dae so aktueel en belangrik vir elkeen van ons. Om by die Maker en Redder van mense te hoor wat ware geluk beteken.

Jesus se woorde oor ware geluk het al talle lewens verander en gevul met nuwe betekenis. Wie na Jesus se geheime tot geluk luister en ter harte neem sal verseker as ‘n nuwe mens skitter en smaak gee in hierdie stukkende wêreld.

Ongeveer 60 kerke landwyd en selfs buite die landsgrense gaan saam aan Jesus se voete sit om meer oor ware geluk te ontdek.

Dit is nog nie te laat om deel te word van hierdie groot geleentheid nie.

*Ons Visie:* ***Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

Ons nooi jou om op drie maniere saam aan Jesus se voete te sit vir 50 dae periode:

- Woon die 7 eredienste by
- Skaf die dagstukkieboeke aan vir eie studie en groepe
- Skakel vir die 50dae by ‘n groep in wat saam ‘n dvd kyk en tema van die week (in aansluiting by Sondagtema) bespreek.

Wil jy nie saam bid vir hierdie 50 dae nie?

Wil jy nie oorweeg om saam aan Jesus se voete te sit nie ?

Wil jy nie oorweeg om ‘n groepleier/gespreksleier vir hierdie 50dae te wees nie?

Geseënd is elkeen wat saam aan Sy voete sit!

**Vir meer inligting:**

Oor boekies- kontak Gert Kok (0721202952)

Oor inskakel by groep kontak Tom Rademeyer (0823729803)

Enige ander: kontak leraars

Ons sien uit om al die mooi dinge wat die Heer vir ons in gedagte het saam met jou te beleef.

***ds Leon van Heerden***

## - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **9 Aug:** Vakansiedag (Vrouedag)
- **10 Aug:** Openbare Vakansiedag
- **30 Aug:** Youthbash om 18:00

Sien jou daar!




**BOOMSLOPINGS & SNOEI**

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

**KONTAK ERNST by 083 656 4992**

www.treecarepta.co.za



# *Om oor na te dink....*



*Die hele aarde is vol van die Here se heerlikheid (Jesaja 6:3b)*

*Net vir dié wie se oë daarvoor oop is.*

Browning het dit mooi gesê:

*Die hele aarde is vol van die hemel en elke gewone bos is aan die brand met God, maar net dié wat dit kan sien trek hulle skoene uit, die ander sit om die bos en eet doodgewoon die swart bessies.*



*God se vingerafdruk is op alles en Sy spore oral waar ons ons mag bevind*

***Sien ons nog God elke dag raak ?***

Ds Leon van Heerden




**C.H.R.**

24 Uur Nood Loodgietersdienste

**CLIVE**

16 Gelderland straat, Eloffsdal 0084

Tel: 012 335 2354




## OMGEE-BEDIENING



***Voor:*** *Ria de Bruin, Oom Danie de Bruin, Laetitia Jeffery, Robbert Jeffery, Ds. Leon Tait (Besoekende leraar namens die Kerkraad)* ***Agter:*** *Doep du Piesanie (Fasiliteerder), Anna du Piesanie, Gerty Botha, Engela McKenzie, Len Boshoff, Ds. Dirk van Zyl. Afwesig met neem van foto : Petro Jonker*

### ***VREUGDE OMGEEGROEP***

Soos ons naam (ontleen uit die Vrug van die Gees [Gal. 5:22]) is dit 'n vreugdevolle ervaring om aan hierdie omgeegroep te behoort. Ons weeklikse bymekaarkom is geskeduleer vir Dinsdagmiddae om 15:00. Ons vriendekring bestaan tans uit: Gerty Botha, Robert en Leatitia Jeffery, Danie en Ria de Bruin, Len Boshoff, Engela McKenzie, Ds. Dirk van Zyl en Anna en Doep du Piesanie (fasiliteerder). Ons is verheug om ons nuutste lid, Petro Jonker, by ons te verwelkom!

Ons as omgeegroep het "afgestig" vanuit die Taddues-groep tydens die eerste 40-dae reeks, omdat genoemde groep te lywig geraak het. Vanuit die staanspoor was en is dit ons uitgangspunt om met mekaar te 'connect' – verhoudinge te bou sodat ons mekaar kan opbou, groei en vrugte dra. Ons weet dat God aan elke mens die behoefte gegee het om geestelik aan ander te 'behoort', sodat Sy liefde ervaar en gedeel kan word. Ons glo dit is nie net God se "Plan A" nie - dit is God se enigste plan!

Ons byeenkomste is daarom 'n vreugdefees waar elkeen sy/haar verwagtinge/vreugde/siening/kommer/hartseer/…noem maar op… met die

grootste vrymoedigheid met mekaar kan deel sonder enige vrees dat dit hom/haar later sal inkrimineer. 'n Groepbelofte is reeds vanaf die groepvorming opgestel en word met elke byeenkoms weer voorgelees. Die groepbelofte aan mekaar lui soos volg:

- God is liefde en Hy is hier – en is ons eregas vanmiddag!
- Die Here het alles vir sy doel beplan. Hy het ons geskep vir 'n rede en;
- Ons doel is om in volkome afhanklikheid van sy goedheid en genade, hierdie rede te probeer uitleef.

**Ons groepbelofte is:**

Ons gaan ons ware gevoelens deel (egtheid)
Mekaar aanmoedig (wedersydsheid)
Mekaar steun (genade)
Die waarheid in liefde praat (eerlikheid)
Ons swakhede erken (nederigheid)
Ons verskille respekteer (hoflikheid)
Nie skinder nie (vertroulikheid)
Sorg dat die groep 'n prioriteit is (gereeldheid).

Ons byeenkomste neem min of meer die volgende vorm aan: Verwelkoming en dan word elke lid geleentheid gegee om in die groep hulle 'klagtes, kwellinge, vreugde en/of versoeke' te lig. Dan word die groep se gesamentlike optrede, soos die Woord ons leer, bespreek om die 'klagte/versoek' te hanteer. Daarna word hartlik saamgesing met behulp van die CD uit die Sing onder Mekaar. Die voorlees van ons groepbelofte word dan voorgedra. Die byeenkoms word dan met gebed geopen. Die saampraatpapier van die vorige Sondag se erediens word dan as riglyn gebruik om sinvol die bespreking te lei en die raakpunte wat dit vir ons groep as geheel, en elke lid afsonderlik, inhou met mekaar te deel. Die byeenkoms word dan met gebed afgesluit. En dan word daar gesosialiseer…

DOEP DU PIESANIE (Fasiliteerder)

Omgeegroepe
Ons gee om.

*Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:*

*Tommy Tademeyer Tel: 082 372 9803*

e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com



# AANBIDDINGS-BEDIENING

Om in diens van die Here te staan in 'n voorreg!

Elke Sondag staan 'n vrywilliger in diens van ons Skepper by elke deur. Hulle trotseer die wind en ysige koue om gemeentelede te werwelkom.

Deurdiens is maar een van die vele geleenthede wat gemeentelede van kan kies om die Here te dien en 'n bydrae kan lewer tot diensbaarheid in ons gemeente.

Die vriendelikheid wat die dienswerkers van die gemeentelede ervaar, en ook andersom. Die vinnige en welkome geselsies voordat elkeen deel vorm van die erediens en stil raak in eerbied en samesyn.

Dankie aan elke bereidwilliger vir julle verwelkoming elke Sondag. Getrou op julle poste!

Lettie Swanepoel.

